# NG GEMEENTE PRETORIA-FAERIE GLEN

'n Gasvrye gemeente waar oud en jonk saam gevorm word om God te verheerlik en vir ewig te geniet


Kontak besonderhede:

Dr Retha Kruidenier: 082 413 8462

Dr Dieter de Bruin: 083 375 3457

Sarie Human: 082 568 0586

Kerkkantoor: 064 757 7948


## AANKONDIGINGS 24 - 31 MEI 2026

### PROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 24 Mei | 09:00 | Erediens – Dr Retha Kruidenier |
| (Pinksterfees) | 10:00 | Kategese |
| Maandag 25 Mei | 19:00 | Jongermense Bybelstudie – Blos Café |
| Woensdag 27 Mei | 09:00 | Bybelstudie – Konsistorie |
| | 10:00 | Basaarvergadering – Konsistorie |
| Sondag 31 Mei | 09:00 | Erediens (Nagmaal) – Dr Retha Kruidenier |
| | 10:00 | Liefdesmaal |

### VERJAARDAGWENSE VIR LIDMATE

Hiermee die verjaarsdae vanaf **24 - 30 Mei .** Die gemeente se wens is dat die nuwe lewensjaar gevul sal wees met vreugde, vrede en goeie gesondheid.

26 Mei Mala Harmse

28 Mei Martie Olivier

29 Mei Gideon Koch

### LIEFDESMAAL OP SONDAG 31 MEI

Ons nooi u uit na 'n Liefdesmaal na die erediens op Sondag 31 Mei. Ons voorsien die ete en ons dek tafels in die saal, ons vra dat u 'n eie piekniekmandjie met eetgerei en borde sal saam bring. Skryf asseblief u naam en hoeveelheid persone wat die ete gaan bywoon op die lys wat in die voorportaal is teen Sondag 24 Mei sodat ons weet vir hoeveel om voor te berei.

# BASAAR 6 JUNIE 2026

Dankie aan elkeen vir die reaksie op ons versoek vir hulp met die basaar. Hoewel ons nog baie skenkings nodig het, waardeer ons al die produk- en finansiële bydraes wat ons reeds ontvang het.
Ons wil vanjaar weer fokus op tuisgemaakte lekkergoed vir die kinders, soos byvoorbeeld fudge en klapperys. Enigiemand wat so iets kan bydra, kan vir Estie van der Schyff by 083 556 6015 skakel.

Indien u ons kan help met 'n vol gasbottel vir die basaar, kontak asb vir Suzette.

Ons kort nog die volgende nie-bederfbare asook bederfbare bestanddele. Alles kan na die kerk toe gebring word.

**Nie-bederfbare bestanddele:**

| | | |
|---|---|---|
| Langlewe Vla | "Royal poeding" | Jellie |
| Koekmeel | Bakpoeier | Sout |
| Kookolie | Asyn | Kaneel |
| Suiker | | Blatjang |
| Klapper | Appelkooskonfyt | Tamatiesous |
| Mostert | Steers BBQ sous | Blikkies Tamatie & Uie smoor |
| Strooisuiker | Versiersuiker | Bruismeel |
| Vlapoeier | Langlewe Melk | Kondensmelk |
| Idealmelk | Kakao | "100's & 1000's" koekversiering |

**Bederfbare bestanddele:**

| | | |
|---|---|---|
| Eiers | Botter / Margarien | |
| Melk (rak melk) | Margarien om mee te bak | "Mix vegetables" |

In die voorportaal is 'n belofte lys vir die koek & gebak asook nagereg tafel. U kan ook vir Ragiela Cloete (082 682 3267) kontak indien u bereid is om te help met 'n skenking vir die koek & gebak stalletjie en vir Mienie le Roux (082 377 7296) by die nagereg stalletjie.

As u verkies om 'n bydrae in die gemeente se bankrekening te betaal dan kan u 'basaar' as verwysing gebruik.

**BANKBESONDERHEDE:**
Naam van rekening: NG Gemeente Pretoria-Faerie Glen
Bank: ABSA, Hatfield Takkode: 335 545
Rekeningnommer: 540 580 472 Verwysing: 'basaar'

Ons is opreg dankbaar teenoor elke gemeentelid se hulp om ons basaar weer vanjaar 'n groot sukses te maak.

# *LAERSKOOL GARSFONTEIN WINTERKLEREPROJEK*

U is al teen hierdie tyd daaraan gewoond dat die naderende winter beteken dat u versoek word om bydraes vir leerders van Laerskool Garsfontein te maak. Hierdie bydraes word aangewend vir die aankoop van gebruikte skoolklere vir diegene wie se ouers dit moeilik vind om nuwe skoolklere aan te koop.

Die maatskaplike werker by die skool hanteer die projek en sorg dat 'n volledige lys met die relevante inligting aan Elize Hayes (die boekhouer) gestuur word.

Enige bydrae sal opreg waardeer word. Verlede jaar het u bydraes R10,000+ beloop. Alles is 'n jaar later duurder, dus sal u beursie waarskynlik die finale besluit maak. Daar is darem etlike maande waartydens bydraes gemaak kan word. Elke bietjie help uiteindelik.

Baie dankie by voorbaat vir u bydraes.

Gerna Kriel
(082 694 1138)

